Verwysing: 20200617-6523
Lêerno.: 5/1/7/4
Navrae: JT Solomons

Omsendbrief: 0042/2020
Vervaldatum: Geen

Aan: Adjunk-direkteurs-generaal, Hoofdirekteure, Direkteure (Hoofkantoor en distrikskantore), Adjunkdirekteure, Kringbestuurders en Amptenare by Hoofkantoor en distrikskantore

Kort opsomming: *Prosedure vir die toewysing van staatsvoertuie (GG-voertuie) aan Hoofkantoor en distrikskantore en om beheermaatreëls vir die toewysing en beheer van sodanige voertuie in te stel.*

Onderwerp: Toewysing en beheer van staatsvoertuie (GG-voertuie)

1. Hierdie omsendbrief is hersien, en herroep en vervang Omsendbrief 0026/2015 van 31 Maart 2015 in die geheel.

2. Om die beste gebruik van GG-voertuie te verseker, is daar besluit dat alle GG-voertuie in 'n voertuigpoel onder die direkte beheer van 'n **vervoeramptenaar** geadministreer gaan word. Voertuie sal dus **daagliks** aan amptenare volgens hulle behoeftes uitgereik word. **Die uitreiking van voertuie moet goedgekeur word deur 'n amptenaar op assistentdirekteursvlak of hoër en slegs die amptelike ritmagtigingsvorm (SMV 2019-01) mag vir hierdie doeleindes gebruik word.**

3. Die vervoerbeheeramptenaar en vervoeramptenare by Hoofkantoor en distrikskantore moet skriftelik deur die Hoof van die Departement of sy/haar afgevaardigde aangestel word. Die verantwoordelikhede van 'n vervoeramptenaar word saamgevat in paragraaf 8 van die Handboek vir Vervoeramptenare − SMV Omsendbrief U2 06A 2014-15(SMV). Enige bykomende pligte wat met vervoer verband hou, mag aan sodanige amptenaar toegewys word.

4. Bykomende reëls is op distrikskantore in landelike gebiede van toepassing.

5. In gevalle waar amptenare hulle tuistes as vertrekplekke gebruik (kantore) na hulle diensleweringsplekke toe omdat dit onekonomies is om elke dag na die distrikskantoor te reis, mag GG-voertuie maandeliks met die direkteur se goedkeuring aan amptenare toegewys word. Staatsvoertuie wat sodanig gebruik word, sal steeds deel van die GG-voertuigpoel by die betrokke distrikskantoor wees en geen aanvraag na

bykomende voertuie sal oorweeg word nie. Die GG-voertuie mag by die privaat wonings van betrokke amptenare geparkeer word, op voorwaarde dat dit in 'n motorhuis of agter 'n geslote hek snags en oor naweke geparkeer word en dat 'n vorm vir aansoek om privaat stallering van 'n staatsvoertuig (WK SMV 2019-03) goedgekeur is. 'n Nuwe ritmagtigingsvorm (SMV 2019-01), saam met 'n reisprogram wat onder andere die beoogde ritte, vertrektye en afstande aandui, moet by die vervoeramptenaar aan die einde van elke maand ingedien word om voertuie vir die volgende maand te bespreek.

6. Dit is die direkteur by die distrikskantoor se verantwoordelikheid, saam met die Hoofdirektoraat: Distrikte by Hoofkantoor, om te besluit of GG-vervoer aan opvoedkundige inrigtings in die gebied toegewys kan word, met inagneming van die dienste wat gelewer word deur sodanige inrigtings (byvoorbeeld kunssentrums vir leerders met spesiale behoeftes). Sodanige voertuig moet aan die inrigting toegewys word en nie aan 'n spesifieke persoon nie. Die direkteur by die distrikskantoor moet ook besluit of die voertuig by die inrigting of elders veilig parkeer moet word.

7. Die bewegings/voertuigritte van GG-voertuie moet streng gemonitor word. Die vervoeramptenaar moet die datum en tyd wanneer 'n GG-voertuig uitgereik en terugbesorg is op die iFleetman-stelsel/voertuigritregister aanteken. Die naam en telefoonnommer van die amptenaar wat die voertuig gebruik het, asook sy/haar komponent moet vir ouditeringsdoeleindes aangeteken word. Hierdie reëling is van toepassing op amptenare by Hoofkantoor en distrikskantore.

8. Daar kan met enige van die volgende amptenare by Hoofkantoor in aanraking gekom word vir verdere inligting:

Mev. F Abdou:	Telefoonno. 021 467 2811
Mev. C Albertus:	Telefoonno. 021 467 2794
Me. V Ntshinga:	Telefoonno. 021 467 2808
Me. A Gana:	Telefoonno. 021 467 2715

9. Die inhoud van hierdie omsendbrief moet onder die aandag van alle betrokkenes gebring word.

GETEKEN: BK SCHREUDER
HOOF: ONDERWYS
DATUM: 2020-10-26